- 1.5.2 Parousia: Wederkoms / Dag van die Here
- 1.5.3 Koinonia: samehorigheid / goeie verhoudings / ware vriendskap / eensgesindheid.

1.6 **Meervoudige keusevrae**

- 1.6.1 D
- 1.6.2 C
- 1.6.3 A
- 1.6.4 A
- 1.6.5 B

5X2=(10)

1.7 **Johannes 11:25**

1.7.1 Johannes

(2)

1.7.2 By die brandende bos antwoord God Moses deur te sê Sy naam is "Ek is". Die naam "Ek is" verwys na God. Jesus verwys dus na God en Sy verbintenis met God. Jesus voltooi die sin "Ek is".

(2)

1.7.3 Jesus het na die aarde gekom om die prys te betaal vir ons sondes en aan die kruis te sterf. Al sterf ons vlees (liggaam), bly ons voortlewe vir ewig in die lewe hierna.

2x2=(4)

1.7.4 Ek is die brood wat lewe gee.
 Ek is die lig van die wêreld
 Ek is die ingang vir die skape
 Ek is die Goeie Herder
 Ek is die weg en die waarheid en die lewe
 Ek is die ware wingerdstok.

3x2=(6)

1.8 **Algemene briewe**

- 1.8.1 Jakobus
- 1.8.2 Jakobus
- 1.8.3 2 Johannes
- 1.8.4 Petrus

4x2=(8)

1.9 **Gebooie**

- 1.9.1 Agtste: Jy mag nie steel nie
- 1.9.2 Vyfde: Eer jou vader en jou moeder
- 1.9.3 Sesde: Jy mag nie moord pleeg nie

3x2=(6)

1.10 Sout van die aarde
 Lig van die wêreld

2x2=(4)

[80]

VRAAG 2

2.1 Sinoptiese probleem

- * Om 'n geheelbeeld te kry. Om saam te sien
- * Matteus, Markus en Lukas word sinoptiese evangelies genoem.
- * Die rangskikking van hulle inhoud / gebeure stem ooreen – tog kleiner opvallende verskille.
- * Taal – daar is sinne wat woordeliks ooreenstem.
- * Al drie vertel in geheel dieselfde verhaal van Jesus se lewe op aarde.
- * Sommige gebeure word soms deur net twee of selfs net een vertel.
- * Die verskille veroorsaak verwarring.

Probleem: *Hoe kon drie verskillende mense, aan drie verskillende lesers, op drie verskillende plekke, verskillende tye drie evangelies skryf wat so eenders is volgens samestelling, inhoud en taalgebruik?*

- * Ooreenkomste in hooftrekke: doop en versoeking van Jesus; sy Galilese bediening; reis na Jerusalem; gevangeneeming; verhoor; kruisiging en opstanding.
- * Ooreenkomste in taal: Volle sinne of sinsnedes is dieselfde; vreemde Griekse woorde stem ooreen; Jesus se woorde soms in identiese Grieks weergegee.
- * Vraag verdiep as daar na die verskille gekyk word.

8x2=(16)

2.2 Die taalgebruik van Markus en Matteus:

Markus:

Swak Grieks.

Voeg sinne met "en" aanmekaar (KAI)

Kort sinne. Skryf soos 'n kind.

Lief vir "dadelik" en "gou"

Arameese woorde – word verduidelik realistiese skryfwyse.

Gebruik historiese teenwoordige tyd.

Gebruik dieselfde woorde oor en oor

Foutiewe voorsetsels word gebruik.

Baie fyn detail bygevoeg.

Matteus:

Baie sistematiese Evangelie

Beter Grieks as Markus.

Vermyn die gebruik van God se naam.

Organiseer alles in vyf boekdele.

Gebruik die woord "kerk"

Gee profete se name.

Vertaal nie Jesus se Hebreeus na Aramees nie.

Breedvoerigste / omvattendste evangelie

Rangskik onderwerpe in drieë, vywe en sewes

Grieks beter as Markus s'n

8x2=(16)

2.3 Paulus se briewe:

(a) Briewe aan jong gemeentes en die hooftema van elkeen:

- I Tessalonisense: Vrae oor die wederkoms word bespreek en vrae oor wat gaan word van dié wat reeds dood is.
- II Tessalonisense: Daar was nog misverstande en mense het opgehou werk – nou waarsku Paulus dat dit hulle plig is om te werk.
- I Korintiërs: Talle strydvrae word beantwoord, soos vrae oor die huwelik, afgodery, die erediens, die leer van die opstanding en die gawes van die Heilige Gees.
- Galasiërs: Paulus verduidelik dat die onderhou van Joodse wette (soos besnydenis) nutteloos is, want jou geloof in Christus red die mens, nie die Wet nie.
- I Korintiërs: Talle strydvrae word beantwoord, soos vrae oor die huwelik, afgodery, die erediens, die leer van die opstanding en die gawes van die Heilige Gees.
- II Korintiërs: Die spanning voor eerste brief is verbreek en Paulus troos die gemeente deur sy eie apostelskap te verdedig. (Hulle het hom verdink van geldverduistering)
- Romeine: Alle mense word gered op grond van hulle geloof. 'n Nuwe lewe volg met die Heilige Gees en liefde onderling moet die teken wees van opregte gelowiges.

(b) Gevangenskapsbriewe of tronkbriewe:

- Filippense: Blydskap. Bedank vir geskenke. Waarskuwend en bemoedigend
- Filemon: Getuigskrif vir 'n slaaf.
Filemon moet Onesirius terug ontvang as 'n broer.
- Kolossense: Waarsku teen 'n valse leer.
Christus is die verlosser.
- Efesiërs: Christus is die hoof van die kerk.
Elkeen het 'n funksie in die kerk.

(c) Pastorale (herderlike) briewe:

- I Timoteus: Timoteus word herinner aan sy herderlike pligte. Paulus verduidelik hoe 'n kerk georganiseer moet word.
- Titus Die pligte van elke lidmaat word verduidelik. Daar is 'n behoefte aan goeie Christelike gedrag.
- II Timoteus: Afskeidsboodskap van Paulus Timoteus moet 'n getroue dienaar bly en homself aan die evangelie wy.

15x2=(30)

2.4 Jakobus die outeur:

Jakobus die vader van Thaddeus. Hy was een van die twaalf en sy ander naam was Judas (nie Iskariot) nie.

Jakobus, seun van Alfeus, een van die Twaalf. Sommige kenners meen hy was die broer van Matteus (Luk 6:12)

Jakobus seun van Sebedeus, broer van Johannes en een van die twaalf. Hy is deur Herodes Afrippa I onthoof.

Jakobus, die kleine of jonge Jakobus – baie min is oor hom bekend.

Jakobus die broer van Jesus wat algemeen as die skrywer aanvaar word.

Die styl en taalgebruik en verwysings na die Ou Testament wys daarop dat die skrywer 'n Jood is.

Vanuit die inhoud is dit duidelik dat hy 'n Christen is.

Die temas is dieselfde soos die bergpredikasie se temas.

Hy was dus bekend met Jesus se leringe.

Die skrywer praat met outoriteit wat nie nodig het om sy posisie te regverdig nie.

Hy was die broer van Jesus.

Hy was die hoof van die Kerk in Jerusalem.

Paulus het sy vrylating aan hom bekend gemaak.

Petrus, Johannes en Jakobus was gesien as die pilare van die Kerk.

Jakobus het belangrike stem geniet in die raad van Jerusalem.

Hy alleen word by die naam genoem in die brief.

Jesus se verskyning aan hom was ook spesiaal

10x2=(2)
[80]

VRAAG 3

3.1 . Lukas: Kampvegter vir menseregte: (Oop memo – enige gepaste feite kry punte.)

1.

- Lukas benadruk dat Samaritane en nie Jode plek het in God se koninkryk
- Goeie Samaritaan word geprys vir sy optrede
- Van die 10 melaatses het net 1, die Samaritaan, teruggekom om Hom te bedank.
- Dit was in 'n nie Jood (n Romeinse soldaat) by wie Jesus die geloof gekry het wat Hy nêrens in Israel kon vind nie
- Lukas sê Koninkryk ook vir armes – Ryk man en Lasarus
- God – arm vrou as sy Seun se moeder
- Sy kon net 2 duiwe offer toe Jesus besny is
- Jesus leer- mens word nie beoordeel op grond van sy besittings nie
- Rykes – Josef van Arimatea was Jesus se vriend
- Jesus eet by 'n Fariseër se huis.
- Is goed vir vrou (prostituut) wat self oor sy voete uitgegiet het
- Vroue → deel van sirkel van Jesus se liefde
- Lukas vertel van Elisabet, Maria, Anna en Maria Magdalena

13x2=(26)

3.2 Epafroditus

Epafroditus word deur die gemeente Filippense na Rome gestuur met 'n geskenk vir Paulus.

Daar in Rome word hy ernstig siek – tot die dood toe.

Die gemeente het dit gehoor en is nou bekommerd oor Epafroditus.

Hy het egter weer gesond geword – tot Paulus se groot vreugde.

Nou stuur Paulus hom terug sodat hulle kan sien hy is beter.

Hy stuur die brief saam om hulle te oortuig Epafroditus het nie gedros nie.

Hy stuur die brief as 'n soort getuigskrif dat Epafroditus pligsgetrou was.

Die gemeente moet hom met blydskap ontvang.

Paulus is lief vir Epafroditus.

5x2=(10)

3.3 Boodskap van Filippense aan gelowiges

Nederigheid:

- Paulus moedig die Filippense aan om nie selfsugtig te wees nie
- Hulle moet voortgaan om liefde te gee en onder mekaar te deel wat hulle het.
- In tye van nood moet hulle saamstaan
- Hoogmoed (trots) sal hulle gemeenskap (gemeente) vernietig
- Leef soos Christus (voorbeeld)

Eenheid:

Paulus doen 'n beroep op Esdia en Sintige

Hulle veroorsaak verdeeldheid onder die gemeente

Moet in harmonie saamwerk

Deur gebed kan eenheid in Christus behou word.

Ons moet prakties toepas wat ons leer deur eensgesind te wees.

Blydskap

Is die hooftema van die brief – word tot 16 keer gebruik.

Al is Paulus in die tronk, ervaar hy nog blydskap

Hulle moet hul lewe aan God wy, dan sal hul blydskap ervaar.

Hulle moet soos ligte skyn in die wêreld.

(Leerders moet al drie temas gebruik)

3x4=(12)

3.4 Paulus en Jakobus: Weerspreek mekaar?

Jakobus val nie geloof aan nie – hy beklemtoon net dat geloof moet lei tot goeie werke

Paulus weer sê dat net geloof belangrik is en nie jou werke nie.

Jakobus wys op Abraham wat vir Isak sou offer as bewys dat ware geloof sigbaar is in jou daede.

Paulus haal dieselfde voorbeeld aan en illustreer dat redding net verkry word deur geloof en nie daede nie.

Die belangrikste is dat jy jou geloof moet bewys deur dit te doen wat God vra.

“Wys dan vir my jou geloof sonder daede en ek sal jou my geloof wys uit my daede.” (Jakobus 2:18)

[Oop memo]

6x2=(12)

3.5 Die Soewereiniteit van Jesus Christus:

3.5.1 Die grootheid van Sy soewereiniteit (1:5)

Hy is koning bo alle aardse konings/regeerders.

Voordat daar 'n begin was, was Hy daar.

Die aarde sal ophou bestaan, dan sal Hy nog daar wees.

Hy is die Alfa en die Omega. Alomteenwoordig.

Sy koningskap word steeds groter, want daagliks word meer mense in Sy Ryk ingebring.

Die finale heerlikheid sal eers met Sy wederkoms gesien word en dan sal almal dit sien (elke oog sal dit sien). Is altyd teenwoordig in sy kerk

Hy het ook die dood oorwin deur Sy opstanding.

Hy is die Een wat is, wat was en wat kom.

5x2=(10)

3.5.2 Die uniekheid van Sy koningskap

Dit kan met geen ander koningskap/ryk/heerskappy vergelyk word nie.

Aardse konings het beperkte mag/gebied/tyd van regering.

Hy regeer oor die hele aarde vir ewig.

Hy is enig.

Hy is 'n priesterlike koning.

In die O.T. het priesters namens mense geoffer, Christus het Homself namens ons geoffer.

Hy verruil Sy grootheid om aan Sy onderdane gelyk te word.

Hy kry sy oppermag (soewereiniteit) terug deur Sy lyding.

Hy (koning) sterf vir Sy onderdane en nie andersom nie.

Hy maak ook van sy onderdane priester – Hy deel dus Sy priesterskap met ons. (Ons sal saam met Hom op die troon sit)

5x2=(10)
[80]

VRAAG 4

4.1 Johannes gebruik die Logos (Woord):

In Grieks beteken dit "gees" en "woord".

Die Stoïsyne glo dat alles in die heelal bestaan a.g.v. die gees van God verantwoordelik vir orde in heelal.

Dit is dieselfde gees (Logos) wat die mens help om te redeneer / dink.

Johannes gebruik die woord **Logos** om die blye boodskap te verstaan.

Voor die bestaan van die wêreld was die Logos daar

Deur die logos (Woord) het God alles geskep
Die woord logos is die bron van alle lewe
Die Woord het mens geword in Jesus

In Jesus sien ons die Logos van God.

Vir die Jode is die Logos "woord".

Jode weet van die krag van die Woord van God

In die begin het God gespreek en die wêreld is geskep.
Hy verteenwoordig hierdie kragtige Woord wat in Jesus mens geword het.

Johannes 1:1 kan aangehaal word.

6x2=(12)

4.2 Waarom is Paulus se briewe nog steeds van belang.

Hy skryf nie omtrent Jesus se werk of lewe nie.
Hy probeer Jesus se onderrig te verduidelik
Dit het die hele Christelike gemeenskap beïnvloed.
Elke beweging van Christelike gedagte spruit uit 'n Pauliniese denke.
Paulus skryf aan mense met probleme.
Hy beantwoord vrae en stel oplossings voor.
Hy beskryf die karakter van die verlossende werk van Christus.

Alle vergifnis kom van die Kruis.
 Hy bespreek die gevolge van die Kruis.
 Die boodskap van die briewe van Paulus het dieselfde waarde vandag as destyds.
 Hy praat van die geheimenisse van Christus
 Hy vermaan en bemoedig

8x2=(16)

4.3 Aqtergrond en bestemming van Filippense:

Aqtergrond

Gestig deur Alexander die Grote.
 Vernoem na sy pa Filip van Macedonië
 Is 'n Romeinse stad
 Afgetrede Romeinse soldate woon daar
 Latyn was die omgangstaal.
 Openbare lewe lyk baie soos die in Rome
 Was die toonaangewende stad in Macedonië.
 Heidense stad
 Slavin met waarsêersgees word deur Paulus genees.
 Paulus en Silas word geslaan en in die tronk gegooi.

4x2=(8)

Bestemming:

Tydens tweede sendingreis 'n gesig in Troas
 Soek op sabbat 'n sinagogo – vind nie.
 Bidplek buite stad by rivier.
 Vroue vergader daar – Lidia van Tiatira wat handeldryf met pers wolmateriaal
 Eerste bekeerling ontvang Paulus se geselskap in haar huis.
 Eerste gemeente in Europa.

4x2=(8)

4.4 Die ooreenkomste en verskille tussen die vierde evangelie en die drie briewe van Johannes:

Ooreenkomste:

- * Soortgelyke uitdrukkings: "Behoort aan God" "in die waarheid lewe" – word net in Johannes gevind.
- * Dieselfde struktuur: almal begin met "Woord" en eindig met "... dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo."
- * Antitese in beide: "lewe en dood", "lig en duisternis" en "kinders van God en kinders van die duiwel".

4x2=(8)

Verskille

- * Uitdrukkings net in evangelie: heerlijkheid, Heilige Gees, opdragte, oordeel. Net in briewe gees van God, wederkoms, antichris.
- * Begrip **Voorspraak** verskil: evangelie beskou die Heilige Gees as Voorspraak. Briewe Christus is die Voorspraak.
- * Ou Testament: word in die evangelie genoem, maar nooit in briewe aangehaal nie.
- * Teologiese begrippe in evangelie het Christus gekom en is teenwoordig in almal wat Hom glo, briewe-beklemtoon die wederkoms van Christus (Parousia)

4x2=(8)

4.5 OpenbaringProfetiese boek

- * 'n Profeet dink in terme van die wêreld waarin hy leef.
- * Hy roep mense om gehoorsaam te wees en te dien in hulle alledaagse lewe.
- * Hy praat met die mense van sy dag en stel hulle voor die uitdaging van God se boodskap.
- * Johannes roep mense van die teenswoordige wêreld om God te dien deurdat hy as profeet verklaar wie God die Vader, seun en Heilige Gees is.
- * Sy profetiese boodskap is een van bemoediging en hoop
- * Johannes bevestig God se absolute volmaaktheid- hy verduidelik indirek wie God is.
- * Johannes bevestig Christus se gelykheid met God.
- * Johannes kondig aan dat God se heiligsplan in Christus voltooi is.
- * Christene wat swaarkry as gevolg van hulle geloof sal eer en lof ontvang.

Apokaliptiese boek

- * Johannes beskryf die vernietiging van die wêreld en sê dat dit vervang sal word deur 'n nuwe hemel, aarde en Jerusalem.
(Johannes het die boek geskryf gedurende 'n tyd van vervolging)
- * Dit is geskryf om Christene te bemoedig wat vervolgd is deur die Romeine.
- * Dit bestaan uit beskrywings van gesigte oor die toekoms.
- * Johannes gebruik baie simbole om hierdie nuwe wêreld te beskryf.
(getalle, syfers, diere, menslike liggaamsdele)
- * Die ou wêreld word vernietig en vervang deur 'n nuwe een
- * Johannes interpreteer huidige gebeure in terme van 'n toekomstige werklikheid
- * slegs die getroues sal volkome geluk kan geniet in die toekomstige wêreld.

8x2=(16)
[80]

VRAAG 5**5.1 Lukas evangelie van gebed:**

- * Jesus bid voor sy doop.
- * Jesus bid voor die kiesing van die twaalf
- * Jesus bid tydens sy verheerliking
- * Jesus bid in Getsemane
- * Jesus bid vir Petrus dat sy geloof hom nie begewe nie.
- * In Lukas is twee gebedsgelykenisse, nl. die vriend wat middernag kom brood vra
- * die onregverdige regter.
- * Groot lofgesange kom ook in evangelie voor
- * Soos van Maria, Elisabet en Sagaria.
- * Die evangelie is vol van mense wat God loof en prys.

7x2=(14)

5.2 Gnostisisme:

- * Hulle het geglo dat Jesus een van God se gedaantes was
 - * Hulle het geglo Hy was op geen manier God nie
 - * Hy was, volgens hulle, 'n soort halfgod in 'n reeks minder heilige wesens wat tussen God en die mens uitgestrek is.
- Voor die wêreld geskep was, was Hy by God en dieselfde as God.
 - Die Vader het Hom bekend gemaak.

Hulle het ook geglo dat

- Die liggaam is materie en God kon niks met materie te doene gehad het nie.
- Hulle het geglo Jesus was 'n Gees en nie vlees en bloed nie
- Hulle het geglo dat Jesus geen voetspore gelaat het nie, want sy liggaam was nie vlees en bloed nie
- Om dit teen te werk, sê Johannes die Woord het vlees geword.
- Johannes beklemtoon dat alles van die begin af deur God geskep is
- Niks in die skepping het sonder Hom ontstaan nie
- Om gnostici se dwaalleer teen te werk
- Glo God die Skepper verskil het van die Ware God
- Arrogant + neergesien
- Glo Ware God het niks met skepping te doen gehad

10x2=(20)

Waarhede oor Jesus

- Was van die begin af daar
- Is die Messias
- Waarlik en volkome mens
- Sondeloos
- Heilige Gees
- Trooster

3x2=(6)

5.3 Paulus se omstandighede en vooruitsigte:

Paulus is in die tronk.

Hy praat van boeie en 'n keiserlike wag.

Weet dus dat hy in Rome is.

Kan besoekers ontvang – dus huisarres.

Hy weet sy dood is naby.

Sou dit gebeur is hy bly, want dan is hy by Jesus.

Sou hy bly lewe, is dit ook goed, want dan kan hy meer mense wen vir Jesus.

Sou hy bly lewe sal hy die gemeente daar in Filippi graag weer besoek.

Hy stuur intussen vir Timoteus na hulle.

Hy is bly hy is in die tronk – kan daar preek

Al is hy in die tronk kom hy niks kort nie.

Epafroditus was by hom, maar word nou teruggestuur nadat hy weer gesond is.

Paulus was in vier tronke:

Filippi, Jerusalem en Sesarea – is nie een van hulle nie.

10x2=(20)

5.4 Openbaring:

Datum:

Die gemeentes in Klein-Asië het reeds bestaan.

Elke gemeente het al 'n geskiedenis gehad.

Voor 96 n.c. kon daar nog nie sewe gemeentes wees nie.

Hy ken hulle goed – moes dus lank by hulle vertoef het.

Hy het eers in 67 n.c. Klein-Asië besoek – moet dus ná die datum wees.

Donitianus regeer tot 96 n.c. en het aan einde van sy lewe Christene wreed vervolg.

Vroeë kerkvaders aanvaar die datum.

Irenaeus, Eusebius, Hieronymus.

Patmos:

Politiese gevangenes is daarheen gestuur.

Johannes sê self hy is op Patmos (1:9)

Hy sê hy is daarheen verban.

10x2=(20)

[80]

VRAAG 6

6.1 Algemene openbaring is onvoldoende vir redding:

Algemene openbaring is die kennis wat alle mense kan kry oor God in die natuur, geskiedenis of gewete.

Algemene openbaring leer egter die mens nie:

- * Dat die skepping sedert Adam se val bedorwe is en gemis interpreteer kan word
- * wat sonde is nie – van Adam se val af is daar geen begrip nie.
- * Die mens se sondige aard voorkom dikwels dat die waarheid bekendraak.
- * die mens is geneig om te glo wat hy wil en om sy eie begeertes te bevredig.
- * God kan Homself nie hierdeur bekendmaak nie.
- * slegs deur die besondere openbaring (Bybel) kan jy leer wat sonde is en hoe om daarvan verlos te word.
- * In die algemene openbaring – natuur, geskiedenis of jou gewete kan jy nie byvoorbeeld God se name, of Jesus se kruisdood, verlossing, opstanding of ewige lewe leer ken nie.
- * Kan nie gered word deur algemene openbaring nie.

4x2=(8)

6.2 Waarom is die Bybel geskryf?

2 Tim 3:16 “Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek”

- In die Bybel openbaar God Homself – direk en indirek.
- Die Bybel is getuie van wat God onder die mens gedoen het
- Wek geloof by die gelowige
- Lei die mens na God toe – sodat hy in vrede met Hom kan leef
- Lei hom om ’n suiwer lewe te lei
- Leer hom om almal met liefde te hanteer
- Leer hom van sonde en bekering
- Leer hom van God se name / God se verhouding met mense / God se gebod
- Leer van Jesus Christus / Sy dood, opstanding, hemelvaart en wederkoms
- Leer hom van die Drie-eenheid
- Leer hom van vergiffenis / opstanding en die Ewige Lewe

7x2=(14)

6.3 Drie ampte van JesusProfeet

- Vervul die messiaanse rol van profeet
- God lê Sy woord in Jesus se mond
- Het alles gesê wat God hom beveel het
- Vervul die Skrif
- Sê aan Homself die profetiese rol van Messias toe.
- Die Gees van God was met hom

Priester

- Vervul die messiaanse rol van Hoë Priester.
- Tree namens volk by God in.
- Bring die offer op dag van versoening.
- Jesus sonder sonde.
- Offer Homself vir ons sonde
- Volgens priesterorde van Melgisedek
- Sterf aan kruis
- Ken die mens se swakhede
- Ou Testamentiese Priester was skakel tussen mens en God.
- Offer nie diere nie, maar Homself
- Volmaakte offer gebring
- N.T. – Jesus was hoë priester

Koning:

- Kurios-absolute Koning
- Regeer oor skepping
- Koning soos Dawid – tot in ewigheid
- Belofte is so vervul
- Sit aan regterhand van God

3x6=(18)

6.4 Heilige Gees: vergifnis van sonde:

- * Heilige Gees lei 'n Christen tot bekering.
- * Heilige Gees gee geloof vir enige mens wat sy hart oopmaak vir God.
- * Hy maak dit moontlik vir 'n gelowige om tot bekering te kom.
- * Hy maak ons bewus van ons sonde.
- * Verandering van hart lei tot die doop
- * Heilige Gees hou ons naby God.
- * Die Heilige Gees is tot beskikking van enige mens wat God aanvaar.
- * Hy sal in die gelowige se hart woon.

7x2=(14)

6.5 Betekenis van die Wet vir Christene:Jesus het die Wet vervul

Dit gaan nie meer oor die letterlike gehoorsaam van presies wat die wet sê nie, maar oor die gesindheid en liefde vir God.

Omdat ons God liefhet wil ons die wet gehoorsaam en navolg – nie vrees nie.

Die wet maak ons bewus van ons sondes.

Dit leer ons hoe ons gered kan word.

Dit leer ons hoe ons God moet dien.

Die wet is 'n gids op pad na verlossing.

Die wet het sy vloekkarakter verloor deur

Jesus – dit is nou 'n wet van liefde.

Die mens kan nie sy eie saligheid verdien nie

Die Fariseërs het dit probeer doen

Christus is die ware redding

Hy is die ware Wet van God

Ons moet glo in Hom

Ons moet die werking van Sy Wet vertrou

Die wet leer ons van sonde

Die wet help nie om sonde te oorkom nie

Die wet bring kennis van die sonde

Die bedoeling van die wet is om vir die mens op sy swakheid te wys

Toon dat hy die Verlosser nodig het

Sonde is opstand teen God

Tot Christus se koms het die Wet ons oorheers

Die wet is 'n gids na verlossing (en God)

Christus is die Nuwe Wet

'n Mens is nie vry van alle morele verpligtings nie

Hy/Sy is vry van die las wat die ou Wet opgelê het

Die mens is steeds onderwerp aan die Wet van Christus

Jesus is die Wet van Liefde

9x2=(18)

6.6 Lang, betekenislose woorde word verbied in gebede:

- Die heidene gebruik soms 'n stortvloed woorde om hulle gode te manipuleer. Jesus waarsku daarteen
- Ons kan God nie beïndruk as ons sommer net nuttelose woorde herhaal nie.
- Moenie dieselfde ding oor en oor vrae nie.
- Ons moet opreg en eerlik met God praat wanneer ons bid.
Dit is wanneer ons met God kommunikeer.
Christus het ons geleer in die Ons Vader-gebed dat ons in kort God kan verheerlik en ons behoeftes kan bekendmaak.

4x2=(8)
[80]

7.1 God voorsien, onderhou en regeer die skepping**God se voorsiening**

- Hou verband met die woord om te voorsien.
- God voorsien sy kinders aan alles wat hulle nodig.
- Die woord voorsien kom nie voor in die Bybel maar wel die idee.
- God voorsien aan die nood van die heelal.
- God is verantwoordelik vir alles wat bestaan.
- God voorsien in sy skepping op 'n algemene manier (Hy voorsien aan alle skepsels).
- God voorsien aan gelowiges op 'n spesiale manier.

God se onderhouding van sy skepping

- Onderhouding beteken om voort te sit sy gees is aktief in die heelal
- God het nie Sy skepping verlaat nie
- Christus sê: "My vader werk altyd, en Ek moet ook werk,"
- God gee lewe.
- God onderhou sy heelal (d.w.s. laat dit voortbestaan)

God se heerskappy

- Is verwant aan die woord heers: Dit verwys na die feit dat God oor alles heers in die skepping
- God beheer alle dinge deur Christus
- God beheer sodat sy reddingsplan in Christus vervul kan word.
- God skep die wêreld deur Christus en vir Hom.
- God red die mens sodat 'n verhouding aangeknoop kan word.
- God het totale outoriteit oor die wêreld.

3x6=(18)

7.2 Heilige Gees is Trooster en Leermeester:

Hy word ingeroep om Jesus te vervang.
 Hy word ingeroep om die waarheid oor God te openbaar.
 Hy word ingeroep om ons alles te leer.
 Hy kom van die Vader.
 Hy word ingeroep om dié wat vervolgt word te help.
 Hy word ingeroep om ons van die sonde te leer.
 Hy word ingeroep om ons van die oordeel te leer.

9x2=(18)

7.3 Tiende gebod – hoe kan ons geweld met die regte begeertes stop?

Oop memo. Korrekte feite wat leerders gebruik om stellings te staaf, moet punte kry. (Kyk asb. na Engelse memo)

Verkeerde begeertes lei tot verkeerde dade.
 Ons moet ander leer om hul gedagtes, emosies en wil te beheer.
 Wanneer jou begeertes so erg word dat dit lei tot geweld om te kry wat jy wil hê, is dit verkeerd.
 Sonde ontstaan in jou hart.
 Jesus leer ons om te bid vir regte begeertes.
 Ons begeertes moet nie geldgierig wees nie.

Liefde teenoor ons naaste en respek sal die probleem oplos. Leer kinders dit.

Wees tevrede met wat jy het.

Dissipline en naasteliefde noodsaaklik.

9x2=(18)

7.4 **Gebed in afsondering en in die openbaar.**

Jesus het in afsondering gebid – Hy is ons voorbeeld.

Hy het ook in die openbaar gebid – by sinagoges en met sy dissipels.

Jesus veroordeel die Fariseërs wat in die openbaar bid om gesien te word.

Jesus noem hulle skynheilig.

Gebed is 'n gesprek met God

Lang gebede en herhaling van woorde word ook deur Jesus veroordeel.

Jesus het voor belangrike gebeurtenisse in

Sy lewe op aarde gebid – netso

Moet die gelowige doen.

5x2=(10)

7.5 Ons Vader-gebed

7.5.1 Laat U koninkryk kom

Hiermee bid ons dat die Here ons só sal lei en regeer dat ons onself al hoe meer in die geloof aan Jesus Christus sal oorgee.

Die woord 'koninkryk' verwys na die regering van God.

God se regering is reeds gevestig deur Jesus se oorwinning oor die sonde en dood.

Omdat alle mense hulle nog nie aan God se regering onderwerp nie, word hier gebid vir die uitbreiding van die koninkryk.

Met hierdie bede word ook gevra dat die kerk van die Here mag toeneem in die geloof en dade wat daarby pas.

Die mens is 'n sondaar en moet homself voortdurend bekeer, d.w.s. aan God se regering onderwerp.

Al het God se koninkryk reeds gekom, sal die volle koms eers met Christus se wederkoms plaasvind.

4x2=(8)

7.5.2 "Gee ons vandag ons daaglikse brood"

Die woord "brood" word hier in 'n letterlike en figuurlike sin gebruik,

Dit verwys nie net na die werklike brood nie.

Ons vra God vir ons materiële behoeftes vir ons menslike lewe, wat Gesondheid en geleentheid insluit.

Ons erken dat God die gewer van alle dinge is.

Dit maak nie saak hoe nietig ons behoefte is nie, ons kan dit aan God stel.

Ons moet egter net van God vra wat nodig is, dit is verkeerd om vir luukshede te bid.

Hierdie gebed is beslis vir ons eie behoeftes, maar ons mag nie nalaat om ook vir die behoeftes van ons medemens te bid nie.

4x2=(8)
[80]

VRAAG 8

8.1 God se houding teenoor die sondige mens.

Die mens was ongehoorsaam – proefgebod is verbreek.

Hulle wou vry wees – nou gebind aan die sonde.

Die volmaakte verhouding wat daar was, is verbreek.

Die ganse mensdom is nou in sonde verval.

Daar is nou a.g.v. sonde 'n breuk tussen God en die mens.

Maar God draai nie Sy rug op die mens nie.

Hy gee weer hoop, nl. Sy Seun

Die verlosser sal die breuk herstel

Satan het geen finale mag nie.

6x2=(12)

8.2 Die waarde van die naam Jesus:

Die naam dui die persoon se wese aan.

Naam vertel jou meer van 'n persoon se taak en wie hy werklik is.

Dit is 'n persoonsnaam wat terugdateer na die ou Hebreeuse vorm "Josua"

Dit beteken God is heil/God is redding.

Belangrike mense in die O.T. dra die naam.

Soos die opvolger van Moses wat Israel in die beloofde land inlei of

Die hoëpriester wat Israel na die ballingskap teruglei.

In Jesus se tyd was dit 'n gewone noemnaam.

Dit is 'n Griekse naam wat beteken "God is verlossing".

Selfs 'n towenaar Bar-Jesus of Barabbas was ook Jesus.

Die klem van die naam val op redding en verlossing.

4x2=(8)

Die woord Here:

Word in O.T. vir God gebruik. N.T. vir Jesus.

Die Griekse woord is "Kurios"

Daar is vier betekenisse: Dui op Jesus se verhouding met die mens

- (a) Absolute eienaarskap – Jesus is die alleen eienaar van die gelowige.
- (b) Absolute meester – Jesus het beheer oor Sy onderdane en hulle onderwerp hulle vrywillig.
- (c) Absolute heerser – Jesus het totale mag en gesag: Hy regeer sonder enige hulp.
- (d) Absolute godheid – Jesus deel Sy gesag met geen ander nie.

4x2=(8)

8.3 **Met Jesus se Hemelvaart het 'n aantal van Sy beloftes in vervulling gegaan. Noem en bespreek hierdie beloftes.**

Die belofte van sy Heilige Gees.

In sy laaste onderwysing het Hy hierdie belofte gemaak.
Dit sou vir die dissipels voordelig wees as Jesus weggaan – só sou hulle Sy Gees ontvang.
In Johannes word die Gees ook die Trooster genoem.

Die belofte van gemeenskap.

Jesus het liggaamlik opgevaar na die hemel.
Deur Sy Gees het Hy egter steeds kontak en gemeenskap met die gelowiges.
Die Gees maak Sy woning in die harte van dié wat glo.

Die belofte van plekbereiding.

Jesus het getuig dat Hy gaan om vir dié wat glo, plek te berei in die Vader se woning.
Hy wil dat, waar Hy is, diegene wat aan Hom behoort, ook sal wees (Jh 17:24).

Die belofte van voorbidding.

In die hemel gaan Jesus se werk voort.
Hy tree vir die mens in as Voorspraak.
Hy pleit vir die mens by God op grond van sy kruisdood.
Hy tree dus vir die gelowige in as hoëpriester.

4x4=(16)

8.4 **"Mag U Naam geheilig word"**

Bybelse tyd beteken 'n naam baie – vertel ons iets van die persoon self.
"God die Vader" beskryf Sy verhouding met die mense.
Sy naam is uniek / eksklusief.
Sy naam is heilig (hagios) – moet met eer en respek gebruik word.
Ons lewe moet so wees dat dit ander na Hom trek – heilig dus.

Jakobus

Verwys na die tong wat ons nie kan tem nie.
Alle mense struikel a.g.v. die tong.
Die tong is soos 'n vuur – vol dodelike gif.
Met die tong seën / prys ons God en vloek ons die mens wat na Sy beeld geskape is.
Teen dit alles waarsku Jakobus

6x2=(12)

8.5

- 8.5.1 Agtste gebod – Jy mag nie steel nie
Negende gebod – Jy mag nie leuens vertel nie.

2x2=(4)

- 8.5.2 **Enige relevante feite wat by die twee gebooe pas moet deur die leerder gebruik word om sy antwoord te staaf.**

Diefstal

Alle vorme van diefstal is verbied
Hier word op oneerlike wyse geld verkry – dit is steel.
Om jousef te verryk ten koste van ander, hierdie staat, is steel.
Jy moet werk om geld te kry.
Jesus veroordeel rykdom as 'n struikelblok om die ewige lewe te kry.
Die mense neem geld by die staat wat nie hulle toekom nie.
Daar word nou geld van die staat gesteel – van ander wat belasting betaal.
Johannes die Doper het gewaarsku dat belastingvaarders nie meer moet vra as wat hulle toegelaat is nie.
Om op oneerlike wyse geld te kry is 'n oortreding van die gebod.

Leuens

Hier word valse inligting gegee – dit is leuens.
Die vorms word meestal met 'n eed voltooi en dit word uitdruklik in die Bybel verbied –
Die duiwel is die vader van die leuen.
Jesus is die waarheid.
Die Bybel waarsku dat altyd net die waarheid gepraat moet word.
Om selfs vir die staat te lieg is 'n oortreding van die gebod.

10x2=(20)
[80]

VRAAG 9

- 9.1 Die name van God in die Ou Testament:

- EI: beteken sterkte of mag. Dit word gebruik om na 'n kragtige man te verwys. Wanneer dit vir God gebruik word, word die meervoudsvorm gebruik, nl. Elohim. (2)
- Elohim: dit is die meervoud en is deur heidene gebruik om na hulle gode te verwys. Vir Israel beteken dit dat God baie magte het. Dit was die naam van die Een wat alle bestaande dinge geskape het. (4)
- EI-Shaddai: beteken "Een van die Berg". Berge was vir Israel magtig en God is so magtig. (2)
- Jahweh: God het Homself so aan Moses bekendgemaak by die brandende bos, nl. "Ek is wat Ek is" (4)
- Adonai: Dit beteken "Here" en is gebruik in die plek van Jahweh. (2)

Jahweh – Sebaot: dit beteken “Here van die leërskaare”. Dit verwys of na al God se engele of na die leërs van Israel. (2)

Jehova: Die naam is saamgestel uit die konsonante van Jahweh met die klinkers van Adonai. Dit kom nie in die oorspronklike Hebreeuse Bybel voor nie. (4)

9.2 Betekenis van Christus se sterwe en begrafnis vir Christene.

Jesus sterf vir die sondes van alle mense.
 Sy dood was 'n offer wat vergifnis bring.
 Die belofte van die ewige lewe.
 Christus is die tweede Adam
 Deur Hom is daar weer lewe.
 Die mens is weer verenig met God
 Deur Sy dood is die mag van die duiwel gebreek.
 Deur Sy dood ontvang die mens vergifnis van sonde, die sondeskuld is betaal, vryheid om tot God te nader is gekry.
 Sy dood en begrafnis toon God se liefde.
 Verenig ons met God en gee die ewige lewe. 9x2=(18)

9.3 “Die dag van die Here

Wat is die doel van die wederkoms?

Die lewende en dooies sal geoordeel word.
 Die skepping sal hernu word.
 Christus sal finaal regeer,
 Geen trane, oorlog, pyn of dood sal dan meer bestaan nie.
 Daar sal dan 'n nuwe aarde en nuwe hemel wees. 5x2=(10)

Wanneer sal die wederkoms plaasvind?

Niemand weet nie.
 Dit sal plaasvind soos 'n dief in die nag jou oorval.
 Net die vader weet wanneer 3x2=(6)

9.4 Jesus se antwoord:

“Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” (Matt. 22:35-40) 4x2=(8)

9.5 Leerders kan na koerantberigte verwys om feite oor die sesde gebod te staaf. **Oop memo**

Die mens is na die beeld van God geskape en moet dus respekteer word.
 In die Verbond met Noag verbied God reeds moord en gee bevel dat so'n persoon doodgemaak moet word.
 Lewe is 'n gawe van God en moet respekteer word.

Haat lei tot moord of begeertes – dit begin in die hart.
Ons moet die regte gedagtes en begeertes in ons hart hê – en poog om
ander ook daartoe te lei.
Respek vir 'n ander se besittings is noodsaaklik – so ook respek vir alle
vorm van lewe.
Geweld is nie die antwoord as jy ontevrede is nie.
Omdat God lewe gee, kan net Hy dit neem.
Alle haat moet uitgewis word.
Vergifnis en vergewe is die lewenswyse van 'n Christen.

9x2=(18)
[80]